Wie het nou die hef in die hand?

Die 1980's was die begin van twee goue dekades vir korporatiewe mag. Maar besigheid moet ligloop: daar is verandering in die lug, skryf **JANA MARAIS**

"**IS AIG MAGTIGER** as Obama?" het die koerantopskrifte dit uitbasuin toe die versekeringsreus verlede jaar bonusse van $200 miljoen aan sy uitvoerende bestuurslui betaal het nadat hy bakhand moes staan by die Amerikaanse regering vir 'n reddingsboei van bykans $183 miljard.

Regoor die wêreld het regerings geen keuse gehad nie as om miljarde dollars aan maatskappye uit te deel in 'n poging om die gevolge van die wêreldwye ekonomiese krisis te versag – wat die mening laat posvat het dat besigheid, en veral groot multinasionale maatskappye, wat gesien word dat hulle te groot en belangrik is om te misluk, 'n stewige greep op die magsbalans in die globale samelewing het.

Dit sal egter 'n fout wees om te dink korporatiewe belange gaan aanhou om globale bestuur voor te skryf, waarsku kenners.

Die pendule is weer aan die swaai, sê Wolfgang Thomas, buitengewone professor in ekonomie en Afrikasake by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool en dit bring nuwe uitdagings vir beide maatskappye en regerings.

"Ontwikkelings wêreldwyd wys daar is 'n behoefte aan twee baie breë veranderinge in besigheid: 'n behoefte aan nouer vennootskappe tussen die privaat- en openbare sektore (PPP's), en die einde aan 'n enkele fokus op die maksimering van winste.

Die globale finansiële krisis het gelei tot 'n nuwe bewustheid dat "maatskappye nie stralekranse dra nie, en dat hulle stewige teendruk benodig. Ons weet ook dat regerings ondoeltreffend is, en daarom benodig ons deurentyd interaksie tussen die private en die openbare sektor. Die privaatsektor moet druk verskaf om die openbare sektor meer doeltreffend te maak, terwyl die openbare sektor die raamwerke daar moet stel om die privaatsektor meer maatskaplik verantwoordelik te maak.

"Beide partye het hul sterk punte en hul tekortkominge. Maatskappye is noodsaaklik en belangrik, maar hulle is nie engeltjies nie. Die openbare sektor is ook noodsaaklik, maar hulle is ook nie engeltjies nie.

"Nie een van die twee het die finale sê nie, maar hulle is in 'n voortdurende stryd [na mag]," sê Thomas.

Maatskappye besef reeds daar is 'n aantal kwessies wat die samelewing raak – hetsy die uitdunning van hulpbronne, maatskaplike kwessies of die behoeftes van die armes – wat hulle in ag moet begin neem as hulle in bedryf wil bly, sê Thomas.

Daar is "geen twyfel" nie dat bewustheid van maatskaplike- en omgewingsvolhoubaarheid aan die toeneem is onder Suid-Afrikaanse ondernemings, met wetgewing oor swart ekonomiese bemagtiging (SEB) wat as die grootste dryfkrag beskou

Corli le Roux, JSE se SRI-indeks

Dr Arnold Smit, USB-BO

Jonathon Hanks, Incite Sustainability

word om maatskappye te kry om maatskaplike volhoubaarheid in berekening te bring.

Corli le Roux, hoof van die JSE se indeks vir maatskaplik-verantwoordelike beleggings (SRI), sê daar is 'n toename in die aantal maatskappye wat belangstel in en kwalifiseer vir die SRI-indeks.

"Die vlak van bespreking is veral bemoedigend. Die rol raak al hoe meer strategies – dit is nie meer net die werk van een of ander omgewingspersoon op 'n terrein iewers nie. Ons sien al hoe meer senior personeel [wat SRI-vergaderings bywoon]. Maatskappye beskou dit werklik in 'n baie ernstige lig," sê Le Roux.

Dit hou baie voordele in om volhoubaarheid ernstig op te neem, omdat dit elke aspek van die maatskappy betrek en bestuur só 'n holistiese beeld van die onderneming gee, meen Le Roux.

"Dit help om risiko's, asook geleenthede, te identifiseer. Maatskappye gebruik dit om hul bedrywighede uit te brei en span dit ook in as 'n bemarkingsinstrument," sê sy. "Verbruikers kyk toenemend na hierdie faktore, en hulle sal waarskynlik met hulle voete stem as hulle voel maatskappye tree nie verantwoordelik op nie."

Daar wag egter nog baie werk.

Hoewel Suid-Afrikaanse maatskappye meer volwasse geraak het in hul benadering tot korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (CSR) en volhoubare ontwikkeling, en dit toenemend as noodsaaklik tot hul bedrywighede beskou, is daar ruimte vir verdere verbetering.

"Mervyn King het een keer gesê CSR gaan nie oor hoe maatskappye hul geld spandeer nie, maar oor hoe hulle in die eerste plek hulle geld maak. Ek dink in Suid-Afrika word CSR steeds tot 'n groot mate gesien as die skenking van geld aan waardige kwessies," sê dr Arnold Smit, programdirekteur by die nuwe Sentrum vir Besigheid en die Samelewing by USB Bestuursontwikkeling (USB-BO).

Een van die grootste uitdagings is om maatskappye te oortuig dat dit tot hul finansiële voordeel sal wees om sake op 'n volhoubare manier te doen. Hoewel baie maatskappye wat hul transformasieproses suksesvol afgehandel het nou die vrugte daarvan pluk, moet daar nie aangeneem word dat, om sake op 'n volhoubare manier te doen, dadelik 'n positiewe bydrae tot winste gaan maak nie, waarsku Smit.

"Hulle kan dalk beduidend moet spandeer voordat hul beleggings sal begin vrug dra," sê hy.

Om volhoubaarheidskwessies in ag te neem maak baie duidelik sakesin vir sommige ondernemings, sê Jonathon Hanks, besturende direkteur van Incite Sustainability.

Brouerye en vervaardigers van koeldrank soos Coca Cola het byvoorbeeld 'n duidelike behoefte geïdentifiseer om water te bespaar, en doen innoverende werk om hul waterbronne te bestuur. "Aan die maatskaplike kant maak die reuse beleggings wat baie maatskappye in vaardigheidsontwikkeling maak, ook duidelike sakesin," sê Hanks.

Met die SA regering wat hard werk om 'n maatskaplike agenda voorop te stel, kan omgewingskwessies minder aandag kry as wat dit verdien. "Die regering van die dag moet 'n baie sterk maatskaplike agenda dryf wat fokus op kwessies soos gesondheid, armoede en opvoeding. Dit lyk of maatskappye dié voorbeeld volg deur ook meer op maatskaplike-, eerder as omgewingsvolhoubaarheid, te fokus," sê Smit.

Dit dra by tot vrese dat maatskappye nie klimaatsverandering behoorlik verstaan nie en daarom nie met die nodige dringendheid daaroor optree nie. "As jy kyk na die teikens wat gestel word, is dit nog nie voldoende (om die krisis aan te spreek) nie," sê Hanks.

Hy waarsku dat die omgewing "tans as 'n luukse beskou word in Suid-Afrika, maar ons gaan nie maatskaplike geregtigheid in hierdie land kry in 'n vernielde omgewing nie. Die aansporingsmaatreëls is steeds skeefgetrek ten gunste van korttermyn opbrengste. Ons moet 'n groter prioriteitsverskuiwing sien."

Besighede wat nie daarin slaag om die gewigtigheid van belangegroepe se belange te verstaan en aan te spreek nie, insluitend om hul geld in 'n maatskaplik- en omgewingsvolhoubare manier te maak nie, sal uiteindelik irrelevant word.

"Daar is 'n skuif weg van die eng aandeelhouersverhouding na 'n breër belangegroep-benadering. Besigheid kan nie bestaan sonder die samelewing waarbinne dit funksioneer nie, en daarom is gesprekke en samewerking met daardie samelewing belangrik," sê Smit. a

SAKESKOLE MOET RELEVANT WEES

DIT IS NIE net besighede en regerings wat moet aanpas by 'n veranderende globale omgewing nie, maar bestuurskole moet ook optree as hulle relevant wil bly.

Met maatskaplike- en omgewingsvolhoubaarheid, etiek en bestuur wat toenemend belangrik raak, moet bestuurskole seker maak hulle kan studente toerus met die nodige vaardighede om dié uitdagings aan te spreek.

"Volhoubaarheid en etiek was altyd onderwerpe aan die buitewyke, maar dit moet 'n integrale deel van alle bestuurskole se leerplanne word," sê Jako Volschenk, fakulteitslid verantwoordelik vir die onderrig van omgewingsfinansies by die USB.

In hierdie verband is die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool baie van sy eweknieë ver vooruit, wys die Aspen-instituut se jaarlikse Beyond Grey Pinstripes-opname van 2009. Die USB het met 31 plekke verbeter om 'n algehele 39ste posisie in dié opname te behaal. Beyond Grey Pinstripes loof innoverende, voltydse MBA-programme wat leiers is wat die integrasie van maatskaplike- en omgewingsrentmeesterskap in hul leerplanne en akademiese navorsing betref.

"Waar baie bestuurskole hierdie as alleenstaande kwessies aanspreek, is dit ingebou in al ons kursuswerk. As ons byvoorbeeld kosterekeningkunde doen, neem ons ook omgewingskoste in ag," sê Volschenk.

Jako Volschenk, USB

"Bestuurskole sal hierdie vakke in hul leerplanne moet inbou, of hulle sal nie in 'n posisie wees om môre se leiers toe te rus nie," sê hy.

Sê jou sê oor hierdie artikel by www.usb.ac.za/agenda of sms 39841 (standaard-tariewe geld)